THE HIVE

Amptelike nuusbrief van die Verso Sambreel Aftreefonds Maart 2012

MARKOORSIG VIR 2011

As ons terugkyk na die vierde kwartaal van 2011, reis ons na vier uithoeke van die wêreld:

In Europa het die politieke en ekonomiese wipplank van die derde kwartaal oorgespoel en 'n uitkringeffek op die vierde kwartaal gehad. Daar was dus nie baie positiewe nuus om teen die einde van die jaar oor verslag te doen nie.

Aan die ander kant van die Atlantiese Oseaan het die VSA daarin geslaag om teen die einde van 2011 'n paar hoogtepunte te lewer. Een daarvan was tekens dat hulle ekonomie besig is om te stabiliseer. Meer werksgeleenthede is geskep as in 2010, wat die werkloosheidsyfer verlaag het, en die vervaardigingsektor het in die vierde kwartaal ook positief gebly en goed gepresteer. Moet egter nie té opgewonde raak nie, want as die VSA nie vinnig op sy uitgawes besnoei nie, sal hulle ekonomiese groei onderdruk bly solank die stadige ekonomiese groei in Europa voortduur. Dit is onwaarskynlik dat enige belangrike besluite geneem sal word voor die verkiesing in die VSA later vanjaar plaasvind.

In China is daar duidelike tekens dat die buitengewone ekonomiese groei van die afgelope paar jaar begin verlangsaam het, en rentekoerse kan moontlik in 2012 verlaag word. Ten spyte van al die swartgalligheid oor die vooruitsigte van wêreldwye groei, voorspel die Wêreldbank steeds dat China in 2012 met meer as 8% kan groei. Die realisering van hierdie groei hang weereens af van hoe die Europese skuldkrisis hanteer word en watter uitwerking hierdie maatreëls op die Chinese ekonomie sal hê.

Laastens het plaaslike rentekoerse gedurende die vierde kwartaal onveranderd gebly. Inflasie vir die 12 maande geëindig November 2011 het tot 6,1% gestyg en die plaaslike BBP-groei het afgeneem. Al was die rand gedurende die vierde kwartaal baie onbestendig teenoor die VSA-dollar, het dit die kwartaal byna onveranderd afgesluit.

Die tabel hieronder toon markopbrengste tot 31 Desember 2011:

Bateklas	4de kwartaal: 2011	12 maande
SA aandele	8.38%	2.57%
SA effekte	3.55%	8.87%
SA eiendom	3.73%	8.93%
SA kontant	1.35%	5.48%
VPI	1.18%	6.10%
Internasionale aandele VSA-dollar	7.59%	-5.54%
Internasionale effekte VSA-dollar	0.23%	5.64%
Internasionale kontant VSA-dollar	0.00%	0.06%
Rand/Dollar	0.42%	18.05%

Sien bladsy 2 vir 'n verduideliking van die finansiële terme.

GEAGTE LID

Geluk, jy is 'n lid van die Verso Sambreel Aftreefonds, 'n gevestigde Fonds met meer as 4 000 lede en bates wat R250 miljoen oorskry.

Ek is opgewonde om die bekendstelling van "The Hive" aan te kondig – 'n nuusbrief wat op praktiese inligting oor jou Verso Sambreel Aftreefonds en die bedryf toegespits is. Hierdie nuusbrief is deel van die Trustees se veldtog om die Fonds na die lede – en dit beteken na jou toe – te bring. Ons eerste uitgawe bevat inligting oor hoe om vir ons SMS-tegnologie te registreer, die belangrikheid daarvan om jou Begunstigde Nominasievorm op datum te hou en die jongste nuus oor die aandelemarkte.

In die volgende uitgawe sal ons begin om jou aan die Trustees van die Fonds voor te stel. Ons Trustees vergader minstens kwartaalliks en spandeer die meeste van hulle tyd daaraan om die beleggingsopbrengste te moniteer, beleggingsbestuurders se prestasies te evalueer, die finansiële sake van die Fonds te analiseer, te verseker dat daar aan wetgewing voldoen word, kostes en risiko te verminder en innoverende fondsvoordele aan te bied.

Ek vertrou dat jy hierdie publikasies beide insiggewend en leersaam sal vind. Vul asseblief ons kort opname aanlyn in, of kry 'n kopie daarvan by jou Menslike Hulpbronnekantoor sodat jy ons kan help om 'n beter diens aan jou te lewer. As jy jou ingevulde opname voor of op 11 Mei terugstuur, beloon ons jou deur jou naam by 'n gelukkige trekking te voeg. Daar is een prys van R500 en twee pryse van R250 – vertel ons dus wat jy dink.

Besoek asseblief ons webtuiste by www.vurf.co.za vir enige fondsverwante navrae of e-pos my by info@vurf.co.za.

Edward Thomson
Hoofbeampte
info@vurf.co.za

Het jy geweet?
Jou fondsvoordele word in die produkgids uiteengesit en is op die Fonds se webtuiste onder "Product Guide" beskikbaar.

Jy kan nou aanlyn registreer vir sms en web toegang!
lees verder op die agterblad

VERSO®
Umbrella Retirement Fund

HOE HET JOU FONDS IN DIE LAASTE KWARTAAL VAN 2011 GEPRESTEER?

As gevolg van die verswakking van die rand was dit in 2011 die beste om in buitelandse beleggings te belê. Die drie bateklasse wat in Rand-terme die beste presteer het, was buitelandse effekte, gevolg deur buitelandse kontant en met buitelandse aandele in die derde plek. In ons volgende nuusbrief in September sal ons jou meer inligting gee, maar onthou in die tussentyd dat die jongste beleggingsnuus op die Fonds se webtuiste by www.vurf.co.za beskikbaar is.

PORTEFEULJEPRESTASIE

PORTEFEULJES	Januarie 2012	3 mde	1 jaar	3 jare	5 jare
Investment Solutions Performer	2.95%	3.72%	12.77%	16.57%	9.67%
Maatstaf	3.39%	3.64%	12.56%	16.69%	9.44%
Investment Solutions Spectrum	3.21%	4.28%	12.06%	16.58%	8.93%
Maatstaf	3.26%	3.63%	12.80%	16.46%	9.15%
Verso MM Balanced Growth	2.51%	3.10%	9.98%	16.15%	10.22%
Investment Solutions Stable Focus	1.45%	2.53%	8.50%	10.89%	10.84%
Maatstaf VPI+4%	0.50%	1.93%	10.11%	9.30%	10.97%
Verso MMSecure Growth	1.77%	2.68%	10.04%	11.76%	9.78%
Maatstaf VPI+3%	0.42%	1.68%	9.11%	8.30%	9.97%
Sanlam Maandelikse Bonus	0.63%	2.03%	8.87%	7.83%	10.28%
Verso MB Geldmark	0.49%	1.46%	5.97%	7.51%	n/a

Alle opbrengste is tydsgeweeg en word bruto van beleggingsbestuursfooie gekwoteer. Beleggingsopbrengste vir periodes van langer as 12 maande word op 'n jaargrondslag aangedui. Die maandelikse opbrengste van die verskillende portefeuljes is op die Fonds se webtuiste beskikbaar.

Hou asseblief jou begunstigde nominasievorm op datum

Waarom is dit belangrik om jou begunstigde nominasievorm opdatum te hou?

In geval van jou dood, bepaal artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse dat die Fonds wetlik verplig is om jou sterftevoordeel in die eerste plek aan jou bewese afhanklikes toe te ken en te betaal. Jou begunstigdenominasievorm moet dus die persoonlike besonderhede en kontakinligting bevat van jou afhanklikes en ander persone wat jy vir die betaling van jou sterftevoordeel wil laat oorweeg. Hierdie dokument dien as 'n riglyn vir die Trustees wanneer hulle moet besluit hoe om jou sterftevoordeel te verdeel.

Hoe word die voordeel verdeel?

Indien daar nie afhanklikes is nie, kan die Fonds dit oorweeg om 'n toekenning te maak aan persone wat nie afhanklikes is nie, maar deur jou genomineer is om 'n deel van jou voordeel te ontvang. 'n Begunstigde nominasievorm wat op datum is dien as gids vir die Trustees wanneer hulle voordele moet toewys en jou afhanklikes en genomineerdes moet opspoor om seker te maak dat hulle enige voordeel wat aan hulle toegewys word, ontvang. As die Fonds nie enige van die genomineerdes kan opspoor nie, sal die voordeel in die afgestorwene se boedel betaal word.

Waar kan jy hierdie vorm kry?

Hierdie vorm is op die Fonds se webtuiste (www.vurf.co.za) onder Employer page/Fund Administration /Fund Administration Form/ Beneficiary Nomination beskikbaar. Klik op Afr of Eng langs die Beneficiary Nomination Vorm. Vul die vorm volledig in en stuur dit aan die Fonds terug sodat ons u besonderhede kan bywerk. As jy vir Member Level Web access geregistreer het, kan jy ook die inligting aanlyn bywerk.

HELP ONS OM AL ONS FONDSLEDE TE BEREIK

Dateer asseblief jou kontakbesonderhede op deur aan die opname deel te neem – aanlyn of deur 'n kopie van die opname by jou Menslike Hulpbronne departement te kry. Daardeur help jy nie net vir ons om nuusbriewe en die jongste inligting betyds by jou te kry nie, maar staan jy ook 'n kans om 'n prys te wen.

Alternatiewelik kan jy die Member Detail Change-vorm druk wat onder Employer/Fund Administration/ Fund Administration Forms op die webtuiste beskikbaar is. Wanneer jy jou besonderhede opdateer het, kan jy die vorm aan die Fonds faks. As jy nie webtoegang het nie, vra asseblief jou Menslike Hulpbronne-kantoor om die vorm vir jou te druk.

REGISTREER AANLYN - vir SMS-tegnologie en Webtoegang

Deur bloot vir drie van ons elektroniese dienste te registreer, kan jy al jou Fondsinligting kry deur die druk van 'n knoppie, terwyl jy ook op hoogte gehou word van wat in die Fonds gebeur.

Verso-InTouch is 'n gratis diens wat beskikbaar is aan lede wat wil weet of die Fonds hulle eisvorms ontvang het en die vordering van hulle eis wil volg. Sodra 'n eis ingedien is, stuur Verso se stelsel outomaties 'n SMS met verdere bywerkings oor die vordering van jou eis. So bly jy heeltyd ingelig.

Jy word ook op hoogte gehou van enige noemenswaardige gebeure.

Verso-InterAct gee jou toegang tot fondsinligting sonder dat jy ons kantore hoef te kontak. As jy eers op die stelsel geregistreer is, kan jy toegang tot spesifieke persoonlike gegewens kry deur 'n kodespesifieke SMS na die stelsel te stuur. Die stelsel sal jou onmiddellik die inligting stuur wat jy aangevra het. Die toegewysde nommer vir SMS'e is 083 8555 677. (Standaardfooie geld.)

As jy vir Member Level Web Access registreer, kan jy aansoek doen om op die webtuiste toegang tot jou fondsbesonderhede te kry. Hierdie fasiliteit stel jou in staat om te sien hoe jou aftreespaarrekening groei. Dit is ook nóg 'n manier om met die verwerking en uitbetaling van jou eise tred te hou.

Jy kan self op die tuisblad van die Fonds se webtuiste by VURF Member Login registreer, of jou Menslike Hulpbronne-departement kontak. As jy eers geregistreer is, sal jy Member Level Web Access hê en vir SMS-dienste geregistreer wees.

VERDUIDELIKING VAN TERME

BBP – Bruto Binnelandse Produk – Die totale waarde van goedere en dienste wat oor 'n spesifieke tydperk in Suid-Afrika geproduseer is.

VPI – Verbruikersprysindeks – Hierdie indeks meet inflasie. 'n Mens kan inflasie meet teen dieselfde "mandjie" goedere wat jy oor 'n spesifieke tydperk vir R100 kan koop.

Maatstaf – Dit is 'n metingssyfer of "instrument" wat gewoonlik in ons bedryf gebruik word om 'n batebestuurder of Fonds se prestasie te meet. Die maatstaf is gewoonlik die minimum prestasie waarop 'n fonds of bestuurder moet probeer verbeter.

KONTAK BESONDERHEDE: Belmont Office Park, Twiststraat, Bellville, 7530 • Posbus 4300, Tygervallei, 7536 • Telefoon: 021 943 5300 • Faks: 021 917 4600 • E-pos: info@vurf.co.za • webwerf: www.vurfco.za

RAAD VAN TRUSTEES: Me. W Parker (Onafhanklike Trustee en Voorsitter), Mnr. S Kennard (Verso-aangestelde Trustee), Mnr. W Rossouw (Onafhanklike Trustee), Mnr. R Wentworth (Verso-aangestelde Trustee), Mnr. E Thomson (Hoofbeampte)

Vrywaring: Ons het ons bes gedoen om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is. Die nuusbrief is slegs vir inligtingsdoeleindes en die Fonds of sy raadgewers kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat as gevolg van enige onakkurate beriggewing gely word nie.

VERSO®
Umbrella Retirement Fund